

15 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 10:1-21
Fokusgedeelte: DL, VD 2:1

Jesus ken elkeen vir wie Hy gesterf het op die naam!

Toe Jesus vir ons sondes gesterf het, het Hy nie vir spesifieke mense gesterf nie. So het die dwaalleraars beweer. Die Sinode het egter die leer verwerp van hulle wat leer: "God die Vader het sy Seun tot die kruisdood bestem sonder 'n vaste en bepaalde besluit om iemand uitdruklik salig te maak." Dit is tog ondenkbaar dat God sy Seun sou laat sterf sonder om te weet vir wie Hy moes sterf.

Een van die wonderlike dinge daarvan om 'n Christen te wees is nie net dat ek die Here kan ken nie, maar dat die Here my ken! Jesus self het gesê (vers 14): "Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My ..." Jesus ken elkeen van God se uitverkore kinders op die naam en Hy het vir elkeen persoonlik gesterf. Sy genade is nie soos 'n klomp naamlose geskenke wat in 'n mandjie gegooi is en waarvan jy maar een kan vat nie. Nee, God se genade is spesifiek. Dit is soos 'n geskenk wat spesiaal vir jou uitgesoek is en jou naam is duidelik en in groot letters op die pakkie geskryf. Dit is van die begin af vir jou persoonlik bestem!

As Jesus my persoonlik ken, as Hy vir my persoonlik gesterf het, as Hy werklik die goeie herder is wat sy skape ken, dan het ek die heerlike troos dat Hy ook my omstandighede ken. Hy weet van my swaarkry en van my vreugdes. Hy weet ook wat alles vandag vir my voorlê, en daarom kan Hy my in alles dra en lei. Al is ek een van baie skape wat aan die Herder behoort het Hy my persoonlik verlos en sal Hy vandag ook persoonlik vir my sorg. Daarom moet ek persoonlik ook vandag na sy stem luister.

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~